

MAANDELIKSE markoorsig



AUGUSTUS IN OORSIG

Tydens die Federale Reserweraad van Kansas se 2024 Ekonomiese Beleidsimposium wat in Jackson Hole gehou is, het Jerome Powell, voorsitter van die Federale Reserweraad, dit duidelik gemaak dat die sentrale bank gereed maak om rentekoerse in September te verlaag. Hoewel hy dit nie duidelik gemaak het hoe groot daardie aanpassing sal wees nie, het hy beklemtoon dat die sentrale bank gereed is om beleidsaanpassings te maak om die arbeidsmark teen verdere verswakking te beskerm en die ekonomie op koers te hou vir 'n sagte landing. “Die tyd het aangebreek om die nodige beleidsaanpassings te maak,” het mnr. Powell gesê. “Die rigting is duidelik en die tydsberekening en tempo van die koersverlagings sal van die inkomende data, die veranderende vooruitsig en die balansering van risiko's afhang.”

Die Eurogebied se voorlopige skatting van verbruikersprysinflasie vir Augustus het 'n duidelike daling nader na die teiken getoon: die jaarlikse inflasiekoers het in totaal tot 2.2% geval, 0.4% laer as in Julie en die laagste nóg sedert Julie 2021. Daar was ook 'n daling in kerninflasie (wat brandstof, kos, alkohol en tabak uitsluit) wat van 2.9% jaar op jaar in Julie na 2.8% gedaal het.

Suid-Afrika se verbruikersprysinflasie het in Julie na 4.6% jaar op jaar gedaal, die eerste lesing onder 5% sedert Augustus 2023 en die laagste nóg sedert vroeg-2021. Hierdie afname na die 5.1%-lesing in Junie het wyd gestrek met pryse van die meeste kategorieë wat stadiger gestyg het, afgesien van gesondheidsorg en kommunikasie.

Na 'n vyf-puntstyging in die tweede kwartaal, het die RMB/BER Indeks van sakevertroue (BCI) met nog drie punte gestyg en daarmee 38 in die derde kwartaal van 2024 bereik. Dit is die eerste meningsopname in Suid-Afrika sedert die vorming van die Regering van Nasionale Eenheid (RNE) en dit dui op versigtige optimisme oor verbeterende saketoestande.

Suid-Afrika se ekonomie het 'n opwaartse draai gemaak met 0.4% kwartaal-op-kwartaal groei wat opgemaak het vir die vorige kwartaal se stagnasie. Alhoewel die jaar-op-jaar groei steeds 'n beskeie 0.4% was, dui hierdie syfers op 'n noemenswaardige verbetering na die jaar stadig afgeskop het, al is dit steeds net-net duskant die Bloomberg-konsensus van 0.5%. Hierdie positiewe prestasie kan grotendeels toegeskryf word aan verbeterde kragvoorsiening wat natuurlik 'n rimpeleffek op verskeie sektore gehad het.

Volgens die Suid-Afrikaanse Ouditeur-Generaal, Tsakani Maluleke, was daar 'n afname in skoon ouditeursresultate vir plaaslike regerings vir die 2022/23-periode met slegs 34 van die 257 munisipaliteite wat skoon oudits behaal het. Alhoewel 45 munisipaliteite sedert 2020/21 verbeter het, het 36 agteruit gegaan. Maluleke het beklemtoon dat munisipaliteite met skoon oudits goeie finansiële bestuur en effektiewe projekbestuur aan die dag lê; 'n noodsaaklikheid in die verbetering van dienslewering. Sy het die negatiewe impak van 'n tekort aan finansiële stabiliteit en gebrekkige beheermaatreëls oor gemeenskappe benadruk, met

spesiale melding van die behoefte aan munisipale leierskap wat etiese gedrag, goeie wetgewing en aanspreeklikheid eerste stel.

In 'n poging om die momentum wat opgebou het sedert haar aanstelling as Demokratiese kandidaat vir die Amerikaanse Presidensie, te behou en te benut, het Kamala Harris haar eerste formele TV-onderhoud sedert haar benoeming aan CNN-aanbieder, Dana Bash, gegee. Sy het die onderhoud met VP-kandidaat, Tim Walz, gedeel. Volgens die media het sy die grootste slaggate vermy. Na gelang van wat gesê is, lyk dit of haar veldtog nou fokus op die onbesliste kiesers in die middel met 'n belofte van wetgewing vir strenger grensbeheer en die versekering dat die wette wel afgedwing sal word met daadwerklike gevolge vir enige oortreders. Haar belofte om, indien sy verkies word, 'n Republikein in haar kabinet in te sluit om iemand met “ander sienings, ander ervarings...by die tafel waar van die belangrikste besluite geneem word te hê”, word in dieselfde gees beskou.



MARKPRESTASIE

Suid-Afrikaanse effekte het steeds goed presteer en 2.4% gedurende die maand gestyg. Oor een jaar het hierdie batekategorie nou 'n opbrengs van 18.6% gelewer, 2.5% beter as plaaslike aandele. Suid-Afrikaanse eiendom het ook sy herstel voortgesit en met 40% oor die afgelope jaar gegroei.

Globale markte het aanhou styg aangesien beleggers na laer beleidskoerse soek om batepryse te ondersteun in 'n omgewing van matige, maar steeds stewige, ekonomiese groei. Globale ontwikkelde aandele het in Augustus met 2.7% (in Amerikaanse dollar) gestyg, terwyl ontluikende markte agtergebly het met ongeveer 1%. Hierdie gaping is oor die afgelope jaar vererger met ontluikende markte byna 10% agter hul ontwikkelde eweknieë. Dit kan tot 'n groot mate toegeskryf word aan die goeie prestasie van groot Amerikaanse tegnologie-gedrewe aandele en die voortgesette krag van die dollar.

Die rand het verder teenoor die Amerikaanse dollar versterk en daarmee oor die afgelope drie maande altesaam 6% gestyg. Dit het in die proses ook beter gevaar as ander vername ontluikende mark-geldeenhede.

Die olieprys het aanhou val en is reeds byna 10% goedkoper as 'n jaar gelede. Goud, aan die ander kant, het nuwe hoogtes bereik as gevolg van voortgesette sentrale bank-aankope en het met byna 30% oor die afgelope jaar gestyg.

MARKINDEKSE ¹	31 AUGUSTUS 2024		
	3 maande	12 maande	5 jaar ²
(Alle opbrengste in rand tensy anders aangedui)			
SA aandele (JSE indeks van alle aandele)	9.6%	16.1%	12.8%
SA eiendom (S&P SA REIT indeks)	26.1%	40.0%	1.8%
SA effekte (SA indeks van alle effekte)	12.0%	18.6%	9.1%
SA kontant (STeFI)	2.1%	8.6%	6.1%
Globale ontwikkelde aandele (MSCI wêreldindeks)	0.6%	17.2%	17.3%
Ontluikende mark-aandele (MSCI indeks vir ontluikende markte)	0.1%	8.3%	8.5%
Globale effekte (Bloomberg Barclays globale indeks van alle effekte)	-0.7%	0.2%	1.8%
Rand/dollar ³	-5.7%	-6.2%	3.2%
Rand/sterling	-2.7%	-2.7%	4.8%
Rand/euro	-3.8%	-4.4%	3.3%
Goudprys (USD)	7.4%	28.7%	10.4%
Olieprys (Brent ru-olie, USD)	-3.5%	-9.3%	5.5%

1. Bron: Factset


2. Alle prestasiesyfers vir meer as 12 maande word geannualiseer.

3. 'n Negatiewe syfer impliseer dat minder rande per Amerikaanse dollar betaal word, so dit dui op 'n versterking van die rand.

BUFFET VS DIE MARK


Warren Buffet staan bekend as een van die beste beleggers ter wêreld. Alhoewel dit nie werklik sin maak om hierdie titel aan een persoon toe te ken nie (hoe meet jy regtig “die beste ter wêreld” in beleggingsterme?), is hy waarskynlik die wêreld se bekendste belegger.

Hy het 'n wonderlike rekord opgebou vir die allokasie van finansiële kapitaal aan besighede en Berkshire Hathaway, die maatskappy waarvan hy steeds ongeveer een sesde besit, groei steeds vinniger as die breë Amerikaanse aandelemarkt (soos gemeet deur die S&P 500 Indeks van totale opbrengs). USD 10 000 wat teen vroeg 1980 in Berkshire Hathaway belê is, sou teen Augustus 2024 reeds tot meer as USD 24 miljoen gegroei het; oor dieselfde tydperk sou die markopbrengs hierdie selfde belegging tot “slegs” USD 1.5 miljoen laat groei het.



Bron: Morningstar Direct

Oor die laaste tien jaar kon die ghoeroe van Omaha egter nie meer die mark oorheers nie. 'n Belegging van USD 10 000 wat 15 jaar gelede in die breë S&P 500 Indeks gemaak is (met dividende herbelê), sou gegroei het tot byna USD 74 000, terwyl dieselfde belegging van USD 10 000 in Berkshire Hathaway tot net meer as USD 70 000 sou gegroei het:



Bron: Morningstar Direct

Die les van hierdie verhaal? Selfs die “beste” belegger(s) in die wêreld sal vir lang tydperke dalk swakker as die mark vaar. Geduld word egter uiteindelik beloon, soos Berkshire Hathaway se langtermyn-beleggers sal getuig. Terselfdertyd sal hulle jou vertel wanneer hulle by die jaarlikse aandeelhoudersvergadering in Omaha was. Want dit is hoe jy weet ...

Disclaimer

The information provided is of a general nature only and does not take into account the investor's objectives, financial situations or needs. The information does not constitute financial product advice and it should not be used, relied upon or treated as a substitute for specific, professional advice. It is, therefore, recommended that investors obtain the appropriate legal, tax, investment and/or other professional advice and formulate an investment strategy that would suit the investor's risk profile prior to acting on such information and to consider whether any recommendation is appropriate considering the investor's own objectives and particular needs. Although the information provided and statements of fact are obtained from sources that NestEgg Capital considers reliable, we do not guarantee their accuracy, completeness or currency and any such information may be incomplete or condensed. No guarantee of investment performance should be inferred from any of the information contained in this document. The value of participatory interests may go down as well as up and past performance is not necessarily a guide to future performance. Any opinions, statements and information made available, whether written, oral or implied are expressed in good faith. Views are subject to change, without prior notice, on the basis of additional or new research, new facts or developments. All data is in base currency terms unless otherwise indicated, and sourced as disclosed.